# Ek is Sy

# Ek is Sy

Uitgegee en versprei deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
**www.bybelgenootskap.co.za**

BibleSA.co.za
BibleSA
**Laai ons Bybel-apps hier af.**

**Ek is Sy**

Eerste digitale uitgawe 2022

Bybelteks: Die Bybel in Afrikaans 2020-vertaling © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 20226

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die kopiereghouer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel van inligtingsbewaring en -ontsluiting.

Uitgegee deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Posbus 5500, Tygervallei 7536, Bellville

www.bybelgenootskap.co.za

Epub-formaat ISBN 978-0-7982-2493-2
Mobi-formaat ISBN 978-0-7982-2494-9
PDF-formaat ISBN 978-0-7982-2495-6

# Inleiding

**Het jy al ooit deur 'n tydskrif geblaai en gewens dat jy soos een van die interessante, mooi en talentvolle vroue in die artikels is? Jy lees wat hulle dink, hoe hulle oor sake voel, na watter musiek hulle luister, van watter kos hulle hou, watter boeke hulle lees, watter sukses hulle behaal en hoe hulle bo moeilike omstandighede uitstyg. Jy sien wat hulle aantrek, hoe hulle huise versier is en jy verlustig jou in hulle lewenstyl. En onwillekeurig dink jy: Dit is die perfekte prentjie, ek wil soos sý wees.**

**In die bladsye wat volg, word jy uitgenooi om deur die Bybel te blaai en die verhale van spesiale vroue daar te ontdek. Regdeur die Bybel speel vroue 'n belangrike rol. Sommige het in verhouding met God gestaan, terwyl ander weer hulle rug op Hom gedraai het. Soms het hulle ook met God geworstel. Hulle was vroue met verskillende dimensies, veelkantig en uniek, vroue met verskillende lewensomstandighede. En God het 'n pad met hulle gestap. In die bladsye van God se wonderlike Woord sal jy ontdek: Dit is ék daardie! Ek is sý! En God stap ook 'n pad met mý!**

**Kom, ontmoet die vrou in die Bybel.**

# Sy Staan in Verhouding met God

**Hierdie is die belangrikste dimensie van vrouwees. Sy staan in 'n unieke geloofsverhouding met God. Sy het die Here regtig lief en soek sy wil vir haar lewe. Maar soms dwaal sy af.**

**En jy ontdek: Ek is sy!**

## Sy het die Here baie lief, Hy staan sentraal in haar lewe

Jesus het oorkant die offergawekis gesit en kyk hoe die skare kopermunte in die offergawekis gooi. Baie rykes het baie ingegooi. 'n Arm weduwee het gekom en twee lepton, wat saam 'n kwadrant werd is, ingegooi. Hy het sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: "Amen, Ek sê vir julle dat hierdie weduwee, wat brandarm is, meer ingegooi het as almal wat geld in die offergawekis gegooi het. Want almal het uit hulle oorvloed ingegooi, maar sy het ten spyte van haar behoeftigheid alles ingegooi wat sy gehad het, haar hele lewensonderhoud."

Markus 12:41-44

## Sy delf in die Woord

Gelukkig is die mens
wat nie die raad
van goddeloses volg,
nie op die pad van sondaars
gaan staan
en nie in die byeenkoms
van spotters sit nie,
maar wat vreugde vind
in die wet van die HERE
en sy wet dag en nag
mymerend prewel.
So iemand sal wees soos 'n boom
geplant langs watervore,
wat sy vrugte op sy tyd gee
en waarvan die blare nie verdor nie.
Alles wat hy aanpak, gedy.

Psalm 1:1-3

## Sy bid met oorgawe

**Hanna het ernstig tot die Here gebid oor haar kinderloosheid:**

Nadat hulle daar in Silo klaar geëet en gedrink het, het Hanna opgestaan. Eli, die priester, het op die stoel by die deurkosyn van die tempel van die HERE gesit. Sy was bitter ongelukkig en het tot die HERE gebid terwyl sy onbedaarlik huil. Sy het 'n gelofte afgelê en gesê: "HERE, Heerser oor alle magte, as U tog net die ellende van u slavin wil raaksien en aan my sal dink en u slavin nie sal vergeet nie, en as U aan u slavin 'n manlike nasaat sal gee, dan sal ek hom aan U, HERE, teruggee so lank hy leef. 'n Skeermes sal nooit oor sy kop gaan nie."

Terwyl Hanna so aanhou bid voor die HERE, het Eli haar mond dopgehou.

Maar Hanna self was besig om in haar hart te praat – net haar lippe het beweeg en haar stem was onhoorbaar. Eli het gedink sy is dronk. Eli sê toe vir haar: "Hoe lank nog gaan jy dronk bly? Raak ontslae van jou wyn!"

Maar Hanna het geantwoord en gesê: "Nee, my heer! Ek is 'n vrou met 'n swaar gemoed. Wyn of sterk drank het ek nie gedrink nie, maar ek het my hart voor die HERE uitgestort. Moet my, u slavin, nie as 'n slegte vrou beskou nie, want dit is oor my kommer en ontsteltenis wat ek so lank gepraat het."

1 Samuel 1:9-16

## Sy sit en leer aan die voete van die Here

Terwyl hulle op reis was, het Hy by 'n sekere dorpie gekom waar 'n vrou met die naam Martha Hom as gas ontvang het. Sy het 'n suster met die naam Maria gehad, wat by die Here se voete gaan sit het om na sy woorde te luister. Maar Martha was besig met al die voorbereidings. Sy kom toe daar staan en sê: "Here, pla dit U nie dat my suster my alleen los om te bedien nie? Sê tog vir haar om my te help!" Maar die Here antwoord haar: "Martha, Martha, jy kwel en ontstel jou oor so baie dinge, maar net een ding is noodsaaklik, en Maria het die goeie deel gekies; dit sal nie van haar af weggeneem word nie."

Lukas 10:38-42

## Sy onderwerp haar aan God se wil vir haar lewe

**Sy worstel soms met God se wil vir haar lewe, maar sy vind ook berusting en onderwerp haar daaraan omdat sy besef dat Hy die beste weet.**

In die sesde maand is die engel Gabriël deur God gestuur na Nasaret, 'n dorp in Galilea, na 'n maagd wat verloof was aan 'n man met die naam Josef, uit die nageslag van Dawid. Die maagd se naam was Maria. Die engel het na haar gegaan en gesê: "Gegroet, begenadigde vrou! Die Here is met jou!"

Sy was verward oor die woorde en het gewonder wat hierdie groet tog kon beteken. Die engel het vir haar gesê:

"Moenie bang wees nie, Maria,
want jy het genade by God gevind.
Kyk, jy sal swanger word
en aan 'n seun geboorte skenk.
Jy moet Hom Jesus noem.
Hy sal magtig wees,
en die Seun van die Allerhoogste
genoem word.
En die Here God sal aan Hom
die troon van sy voorvader
Dawid gee.
Hy sal vir ewig oor die nageslag
van Jakob regeer.
Aan sy heerskappy sal daar
geen einde kom nie."

Maar Maria het vir die engel gesê: "Hoe kan so iets moontlik wees, aangesien ek nie gemeenskap met 'n man het nie?" Die engel het haar geantwoord:

"Die Heilige Gees sal oor jou kom
en die krag van die Allerhoogste
sal jou oorskadu.
Daarom sal die Kind
wat gebore word, heilig wees;
Hy sal Seun van God
genoem word.

"Kyk, Elisabet, 'n familielid van jou, is ook swanger, en sy verwag 'n seun ten spyte van haar hoë ouderdom. Alhoewel sy vroeër as onvrugbaar beskou is, is sy reeds ses maande swanger, want geen woord wat van God af kom, is kragteloos nie." Toe sê Maria: "Kyk, ek is die diensmeisie van die Here. Mag met my gebeur volgens u woord." En die engel het van haar af weggegaan.

Lukas 1:26-38

## Sy wy haar lewe aan die Here

Daar was ook 'n profetes, Anna, 'n dogter van Fanuel, uit die stam van Aser. Sy was al op gevorderde leeftyd. Sy is as jong meisie getroud, het sewe jaar lank saam met haar man geleef, en was nou 'n weduwee van byna vier-en-tagtig jaar oud. Sy het nie van die tempelterrein af weggebly nie en God dag en nag gedien deur te vas en te bid.

Lukas 2:36-37

## Sy dien die Here met blydskap

Toe het Mirjam, die profetes, die suster van Äaron, 'n tamboeryn in haar hand geneem, en al die vroue het agter haar aan uitgegaan met tamboeryne en in 'n kring gedans. Mirjam het vir hulle die refrein gesing:

"Sing vir die HERE,
want Hy is hoog verhewe.
Die perd en sy ruiter
het Hy in die see geslinger."

Eksodus 15:20-21a

## Sy soek haar krag by Jesus

Daar was 'n vrou wat al twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het. Sy het erg gely onder baie dokters, en sy het al haar besittings daaraan bestee. Sy het egter geen baat daarby gevind nie – dit het eerder slegter met haar gegaan. En toe sy van Jesus hoor, het sy in die skare van agter af gekom en aan sy bokleed geraak, want sy het gesê: "As ek maar net aan sy bokleed kan raak, sal ek gesond word." Die oorsaak van haar bloeding het toe dadelik opgehou, en sy het aan haar liggaam gevoel dat sy van haar kwaal genees is. Jesus het onmiddellik agtergekom dat krag uit Hom uitgegaan het. Hy het in die skare omgedraai en gevra: "Wie het aan my bokleed geraak?" Maar sy dissipels het vir Hom gesê: "U sien dat die skare van alle kante af teen U druk, en tog vra U, 'Wie het aan My geraak?' " Hy het om Hom bly rondkyk om die een te sien wat dit gedoen het. Toe die vrou besef wat met haar gebeur het, het sy bewend van vrees voor Hom kom neerval en Hom die volle waarheid vertel. Hy sê toe vir haar: "Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede en wees genees van jou kwaal."

Markus 5:25-34

## Sy laat haar bekommernisse aan die Here oor

“Daarom sê Ek vir julle, moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle sal eet, of oor wat julle sal drink, of oor julle liggaam, wat julle sal aantrek nie. Is die lewe dan nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie? Let op die voëls van die hemel: Hulle saai nie en hulle maai nie, en hulle versamel niks in skure nie. Tog sorg julle hemelse Vader vir hulle. Is julle nie meer werd as hulle nie? Wie van julle kan deur hom te bekommer, een el by sy lewe voeg? En waarom is julle oor klere bekommerd? Let op die wilde narsings, hoe hulle groei. Hulle swoeg nie en hulle spin nie. Maar Ek sê vir julle, selfs Salomo in al sy prag was nie soos een van hulle geklee nie. As God die gras van die veld, wat vandag daar staan en môre in ’n oond gegooi word, so klee, hoeveel te meer nie vir julle nie, kleingelowiges?

“Moet julle daarom nie bekommer en vra, ‘Wat sal ons eet?’ of ‘Wat sal ons drink?’ of ‘Wat sal ons aantrek?’ nie. Dit is immers alles dinge waarna die heidennasies soek. Julle hemelse Vader weet tog wat julle alles nodig het. Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. Moet julle dus nie bekommer oor die dag van môre nie, want môre sal hom oor homself bekommer. Elke dag het genoeg van sy eie kwaad.”

Matteus 6:25-34

## Sy struikel soms ...

**Soms maak sy foute, en dit veroorsaak dat sy wil wegkruip vir God. Wanneer haar fout dan aan die lig kom, probeer sy boonop om die skuld op iemand anders af te skuif. Dit was die geval met Eva:**

Die slang was listiger as al die diere van die veld wat die HERE God gemaak het. Hy het vir die vrou gevra: “Is dit werklik so dat God gesê het julle mag nie van enige boom in die tuin eet nie?” Die vrou het die slang geantwoord: “Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, maar oor die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê, ‘Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanraak nie, anders sterf julle.’ ” Die slang sê toe vir die vrou: “Julle sal beslis nie sterf nie. Maar God weet dat die dag wanneer julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan. Dan sal julle word soos God, wat goed en kwaad ken.”

Die vrou sien toe dat die boom goed was om van te eet, dat dit ’n lus was vir die oog, en dat die boom begeerlik was om ’n mens insig te gee. Sy het van die vrugte daarvan geneem, dit geëet en ook vir haar man by haar gegee, en hy het geëet. Al twee se oë het oopgegaan en hulle het besef dat hulle naak is. Hulle het vyeblare aaneengeryg en vir hulle lendeskorte gemaak.

Hulle hoor toe die geluid van die HERE God wat in die tuin rondstap in die middagkoelte. Die mens en sy vrou het vir die HERE God weggekruip tussen die bome van die tuin. Die HERE God het na die mens geroep en vir hom gevra: “Waar is jy?” Hy het geantwoord: “Ek het U in die tuin hoor beweeg, en ek was bang, want ek is naak; toe het ek weggekruip.”

Hy vra toe: "Wie het vir jou vertel dat jy naak is? Het jy van die boom geëet waaroor Ek jou beveel het dat jy nie daarvan mag eet nie?" Die mens het geantwoord: "Die vrou wat U gegee het om aan my sy te wees, sy is die een wat vir my van die boom gegee het, en ek het geëet." Die HERE God vra toe vir die vrou: "Wat het jy nou gedoen?" Die vrou het geantwoord: "Die slang het my bedrieg, en ek het geëet."

Genesis 3:1-13

Soms vertrou sy nie op die Here nie en volg haar eie kop ... tot haar groot spyt:

Sarai sê toe vir Abram: "Kyk, die HERE weerhou my daarvan om kinders te kry. Gaan maar na my slavin; miskien kan ek deur haar 'n familie opbou." Abram het ingestem tot Sarai se voorstel. Sarai, Abram se vrou, het toe haar Egiptiese slavin, Hagar, geneem en haar aan haar man Abram as vrou gegee. Dit was nadat Abram al tien jaar lank in die land Kanaän gewoon het. Hy het by Hagar ingegaan en sy het swanger geword. Toe sy egter sien dat sy swanger is, was haar meesteres minderwaardig in haar oë. Sarai sê toe vir Abram: "Die onreg wat ek moet verduur, rus op jou. Ek self het my slavin in jou skoot gegee, maar toe sy sien dat sy swanger is, het ek minderwaardig geword in haar oë. Mag die HERE oordeel tussen my en jou."

Genesis 16:2-5

## Sy kom na die Here toe en ervaar sy vergifnis

En kyk, daar was 'n sondige vrou in die dorp wat gehoor het dat Hy by die Fariseër se huis gaan eet het. Sy het 'n albasterfles vol reukolie gevat en agter Jesus, by sy voete, gaan staan. Sy het gehuil en begin om sy voete met haar trane nat te maak. Sy het sy voete met haar hare afgedroog, dit gesoen, en met die reukolie ingevryf. Toe die Fariseër wat Hom uitgenooi het, dit sien, het hy in sy hart gedink, as hierdie man 'n profeet was, sou hy tog geweet het wie dit is wat hom aanraak en watter soort vrou sy is, dat sy 'n sondige vrou is. Maar Jesus het vir hom gesê: "Simon, Ek het iets om vir jou te sê." "Sê maar, Meester!" antwoord hy. "Twee mense was by 'n sekere geldskieter in die skuld. Die een het vyfhonderd denarius geskuld, en die ander vyftig. Omdat hulle hom nie kon terugbetaal nie, het hy albei se skuld kwytgeskeld. Wie van hulle sal hom dan die meeste liefhê?" Simon het geantwoord: "Ek veronderstel die een vir wie hy die meeste kwytgeskeld het." En Jesus sê vir hom: "Jy het reg geoordeel." Toe het Hy omgedraai na die vrou en vir Simon gesê: "Sien jy hierdie vrou? Toe Ek by jou huis ingestap het, het jy nie eers vir my water vir my voete gegee nie, maar sy het my voete met haar trane nat gemaak en met haar hare afgedroog. Jy het My nie 'n soen gegee nie, maar sy het, vandat Ek hier aangekom het, nie opgehou om my voete te soen nie. Jy het my kop nie met olyfolie gesalf nie, maar sy het my voete met reukolie ingevryf. Daarom sê Ek vir jou, haar sondes – en dit was baie – is vergewe, omdat sy baie liefde betoon het. Maar die een vir wie min vergewe word, het min liefde." En vir haar het Hy gesê: "Jou sondes is vergewe."

Lukas 7:37-48

## Sy leef met 'n toekomsverwagting

Toe Martha hoor dat Jesus op pad is, het sy Hom tegemoetgegaan, maar Maria het in die huis bly sit. Martha sê toe vir Jesus: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie. Maar selfs nou weet ek dat wat U ook al van God vra, God vir U sal gee." Jesus sê vir haar: "Jou broer sal opstaan." Martha sê toe vir Hom: "Ek weet dat hy sal opstaan met die opstanding op die laaste dag." Jesus het vir haar gesê: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal leef, al het hy ook gesterf; en elkeen wat leef en in My glo, sal tot in ewigheid nooit sterf nie. Glo jy dit?" Sy sê vir Hom: "Ja, Here, ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, Hy wat na die wêreld kom."

Johannes 11:20-27

# Sy Staan in Verhouding met Ander Mense

**Sy leef nie in isolasie nie. Sy leef tussen en saam met ander mense. Elkeen van die verhoudings waarin sy staan, is uniek en stel spesifieke eise aan haar.**

**En jy ontdek: Ek is sy!**

## Sy is goed vir ander mense

In Joppe was daar 'n sekere vrouedissipel met die naam Tabita, wat as Dorkas vertaal is. Sy het baie goeie dade verrig en liefdadigheid bewys.

Handelinge 9:36

## Sy is 'n vrou vir haar man

### Sy is een met hom

Jesus het gesê:

"Het julle nie gelees dat die Skepper hulle van die begin af manlik en vroulik gemaak het nie?" Verder sê Hy: " 'Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en aan sy vrou verbind word, en die twee sal een liggaam wees,' sodat hulle nie meer twee is nie, maar een liggaam. Daarom, wat God saamgevoeg het, moet 'n mens nie skei nie."

Matteus 19:4-6

### Sy is vir hom mooi

O, hoe mooi is jy, my liefling,
hoe mooi is jy!
Jou oë is duiwe.

Hooglied 1:15

### Sy is baie lief vir hom

My liefste is myne en ek is syne,
hy wat tussen die narsings wei.
Totdat die dag begin asemhaal
en die skaduwees vlug:
Draai om, my liefste,
wees soos 'n ribbok,
soos 'n jong rooitakbok
op die tweelingheuwels.
Die hele nag op my bed hunker ek
na die geliefde van my hart.
Ek het na hom gesoek,
maar hom nie gevind nie.
Laat ek nou opstaan
en die stad deurkruis,
op die strate en pleine
na die liefde van my hart soek.
Ek het hom gesoek,
maar hom nie gevind nie.
Die wagte, op hulle rondtes
deur die stad, het my gevind.
"Die geliefde van my hart,
het julle hom gesien?"

Pas nadat ek by hulle verby is,
vind ek die geliefde van my hart!
Ek gryp hom vas en laat hom
nie weer gaan nie,
tot ek hom na my moeder
se huis gebring het,
na die kamer van haar
wat met my swanger was.

Hooglied 2:16 – 3:4

### Sy komplimenteer hom

Sy bene is marmerpilare
wat rus op voetstukke van fyngoud.
Sy gestalte is soos die Libanon,
uitsonderlik soos die seders.
Sy mond is pure soetigheid,
hy is die begeerlikheid self.

Hooglied 5:15-16

### Sy is getrou aan hom

Die huwelik moet in alle opsigte eerbaar gehou word, en die huweliksbed moet onbesoedeld wees, want God sal hoereerders en egbrekers oordeel.

Hebreërs 13:4

### Sy soek liefde by hom

Lea het swanger geword en aan ’n seun geboorte gegee. Sy het hom Ruben genoem, want sy het gesê: “Ja, die HERE het my ellende raakgesien, want nou sal my man my liefhê.”

Genesis 29:32

### Sy kom haar huweliksplig na

Laat die man sy huweliksplig teenoor sy vrou nakom, en net so die vrou teenoor haar man. Die getroude vrou het nie seggenskap oor haar eie liggaam nie, maar haar man wel; net so het die man ook nie seggenskap oor sy eie liggaam nie, maar sy vrou wel. Moet julle nie van mekaar weerhou nie, behalwe as julle ooreenkom om dit vir ’n tyd lank te doen om julle aan gebed te kan wy. En kom dan weer bymekaar, sodat Satan julle nie verlei as gevolg van julle gebrek aan selfbeheersing nie.

1 Korinthiërs 7:3-5

## Sy is ’n ma vir haar kinders

### Sy weet haar kinders is geskenke

Kyk, seuns is ’n erfdeel
wat van die HERE kom;
die vrug van die moederskoot
is ’n beloning.

Psalm 127:3

### Sy is onvoorwaardelik lief vir haar kinders

Daarna het twee vroue wat prostitute was, na die koning gekom en voor hom gaan staan. Die een vrou het gesê: “Asseblief, my heer! Ek en hierdie vrou woon in dieselfde huis. Ek het by haar in die huis geboorte geskenk. Op die derde dag nadat ek geboorte geskenk het, het ook hierdie

vrou geboorte geskenk. Ons was saam; daar was geen buitestander by ons in die huis nie, net die twee van ons was in die huis. Die seuntjie van hierdie vrou is in die nag dood, want sy het op hom gelê. Maar in die middel van die nag het sy opgestaan en my seuntjie langs my gevat terwyl u dienares geslaap het. Sy het hom teen haar bors neergelê, en haar dooie seuntjie het sy teen my bors neergelê. Toe ek die oggend opstaan om my seuntjie te voed, toe is hy dood! Maar toe ek hom die oggend goed bekyk, sowaar, toe is dit nie my seuntjie wat ek in die wêreld gebring het nie!" Die ander vrou sê toe: "Nee! My seuntjie is die lewende een! Jou seuntjie is die dooie een!" Die eerste vrou het egter volgehou: "Nee! Jou seuntjie is die dooie een! My seuntjie is die lewende een!" So het hulle voor die koning gestry.

Die koning het gesê: "Hierdie een hou vol, 'Dit is my seun, die lewende een, en jou seun is die dooie een.' En daardie een hou vol, 'Nee! Jou seun is die dooie een, en my seun die lewende.' " Toe sê die koning: "Bring vir my 'n swaard." Hulle bring toe die swaard voor die koning. Daarna sê die koning: "Sny die lewende kind in twee, en gee die een helfte vir die een vrou en die ander helfte vir die ander vrou." Maar die vrou wie se kind die lewende een was, praat toe met die koning omdat haar deernis vir haar seuntjie haar oorweldig het. Sy het vir die koning gesê: "Asseblief, my heer! Gee liewer die lewende kindjie vir haar – moet hom net nie doodmaak nie." Maar die ander vrou het volgehou: "Hy sal nie myne nie, maar ook nie joune wees nie. Sny deur!" Daarop het die koning gereageer deur te sê: "Gee vir die eerste vrou die lewende kindjie. Moet hom glad nie doodmaak nie! Sy is sy ma."

1 Konings 3:16-27

**Sy vra vir God om haar te leer hoe om haar kinders groot te maak**

Die vrou gaan toe na binne en sê vir haar man: "'n Man van God het na my gekom; en sy voorkoms was soos die voorkoms van die Engel van God en was vreesaanjaend. Maar ek het hom nie gevra waarvandaan hy is nie; en wat sy naam is, het hy my nie vertel nie. Hy het vir my gesê, 'Kyk, jy gaan swanger word en 'n seun in die wêreld bring. Daarom, moenie wyn of sterk drank drink nie, en moenie enigiets onreins eet nie, want die seun sal 'n nasireër van God wees van die moederskoot af tot die dag van sy dood.' " Manoag het toe by die HERE gepleit en gesê: "Asseblief, my Heer! Die man van God wat U gestuur het, laat hy tog weer 'n keer na ons kom, sodat hy ons kan leer wat ons moet doen met die seun wat gebore gaan word."

Rigters 13:6-8

**Sy leer haar kinders die regte dinge**

My seun, luister na die
vermaning van jou vader,
en moenie die onderrig van jou
moeder verontagsaam nie;
want dit is 'n bekoorlike krans
vir jou kop,
en halssnoere vir jou nek.

Spreuke 1:8-9

## Sy is 'n enkelouer

**Soms kry sy finansieel swaar en vra hulp. Te midde van hierdie moeilike omstandighede, ervaar sy tog hoe God vir haar sorg.**

'n Sekere vrou, die vrou van iemand uit die profetegroep, het die hulp van Elisa ingeroep: "U dienaar, my man, is dood; en u weet self dat u dienaar ontsag gehad het vir die HERE. Die skuldeiser het nou gekom om my twee kinders vir hom as slawe te neem." Toe sê Elisa vir haar: "Wat kan ek vir jou doen? Vertel my wat jy in jou huis het." Sy het geantwoord: "U slavin het niks in die huis nie, net 'n kruikie met olie." Hy sê toe: "Gaan vra houers by al jou bure in die straat, leë houers. Moet net nie te min vra nie. Gaan daarna in en sluit die deur agter jou en jou seuns. Gooi dan die olie in al hierdie houers. Dié wat vol is, moet jy eenkant neersit."

Sy het toe van hom af weggegaan. Sy het die deur agter haar en haar seuns gesluit. Hulle het vir haar die houers aangegee, en sy het ingegooi. Toe die houers vol was, het sy vir haar seun gesê: "Gee nog 'n houer vir my aan." Maar hy het vir haar gesê: "Daar is nie nog 'n houer nie." Die olie het toe ophou vloei. Sy het gegaan en dit vir die man van God vertel. Hy het gesê: "Gaan verkoop die olie en betaal jou skuld. Jy en jou seuns kan dan leef van wat oor is."

2 Konings 4:1-7

## Sy is 'n skoondogter

**In die Bybel lees ons van Rut wat in die land Moab gewoon het. Toe Naomi, Rut se skoonma, ná die dood van haar man en seuns besluit het om na Betlehem in Juda terug te gaan, wou Rut haar nie alleen laat gaan nie. Rut het vir haar gesê:**

"Moet my nie probeer dwing
om u te verlaat nie
of om van u af weg
te gaan nie,
want waar u gaan,
sal ek gaan,
en waar u bly,
sal ek bly.
U volk is my volk,
u God is my God.
Waar u sterf,
sal ek sterf,
en daar sal ek begrawe word.

"Die HERE kan my maar swaar straf as ek nie woord hou nie: Net die dood sal ons skei."

Rut 1:16-17

**Rut het haar skoonma soos haar eie familie behandel, en ander mense het raakgesien hoe 'n lojale skoondogter sy was:**

Rut kniel toe, buig vooroor met haar gesig teen die grond en vra vir hom: "Waarom is u so goed vir my? U gee vir my om, en dit terwyl ek 'n buitelander is?" Boas antwoord haar: "Ek is goed ingelig oor alles wat jy vir jou skoonmoeder gedoen het ná die dood van jou man: dat jy jou vader, jou moeder en jou geboorteland verlaat het en dat jy na 'n volk gekom het wat jy nie voorheen geken het nie. Mag jy vir alles wat jy gedoen het, ruim vergoed word deur die HERE, die God van Israel, onder wie se vleuels jy kom skuil het."

Rut 2:10-12

## Sy is ’n skoonma

### Sy is onselfsugtig

Ná die dood van haar man en seuns het Naomi vir haar skoondogters gesê dat sy besluit het om die land Moab te verlaat en na haar tuisdorp, Betlehem in Juda, terug te gaan.

Op pad terug na die land Juda sê Naomi vir haar twee skoondogters: “Julle moet liewer teruggaan, elkeen na haar ma se huis. Mag die HERE julle goed behandel soos wat julle die oorledenes en my goed behandel het. Mag die HERE gee dat julle elkeen ’n tuiste vind in die huis van ’n man.”

Rut 1:7b-9a

## Sy is ’n vriendin

### Sy bid vir haar vriende

Net soos Jesus vir sy vriende gebid het, bid die gelowige vrou ook vir haar vriende:

“Simon, Simon! Kyk, Satan het daarop aangedring om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid, sodat jou geloof nie sal wankel nie.”

Lukas 22:31-32a

### Sy deel haar lief en leed met haar vriende

“Of watter vrou wat tien dragmes het, en een dragme verloor, steek nie ’n lamp op, vee die huis uit en soek deeglik totdat sy dit kry nie? En as sy dit gekry het, roep sy haar vriendinne en bure bymekaar en sê, ‘Wees saam met my bly, omdat ek die dragme wat ek verloor het, weer gekry het.’ ”

Lukas 15:8-9

### Sy gee goeie raad

Naäman, die bevelvoerder van die koning van Aram se leër, was ’n invloedryke man by sy heer, en hoog in aansien, want deur hom het die HERE aan Aram ’n oorwinning gegee. Maar die man, ’n dapper kryger, het ’n velsiekte gehad. Die Arameërs het in roofbendes uitgetrek en ’n klein dogtertjie uit die land Israel weggevoer. Sy was in diens van Naäman se vrou. Sy het vir haar eienares gesê: “As my heer maar net voor die profeet kon verskyn wat in Samaria is, dan sou hy hom van sy velsiekte verlos.”

Naäman gaan toe en vertel vir sy heer: “Dit is wat die dogtertjie uit die land Israel gesê het.” Toe sê die

koning van Aram: "Gaan dan! Ek is gewillig om 'n brief aan die koning van Israel te stuur."

Hy het toe afgegaan en sy liggaam sewe keer in die Jordaan gedompel, volgens die woord van die man van God. Sy liggaam het herstel en geword soos die liggaam van 'n klein seuntjie, en hy was rein.

Toe draai hy terug na die man van God, hy en sy hele gevolg. Hy het gekom en voor hom gaan staan en gesê: "Kyk, ek besef nou dat daar geen God in die hele wêreld is nie, behalwe in Israel! Daarom, aanvaar asseblief 'n buitengewone geskenk van u dienaar."

2 Konings 5:1-5a,14-15

## Sy is 'n weduwee

### Dit is vir haar swaar om alleen te wees

Naomi se lewe het leeg gevoel ná die dood van haar man en seuns:

Sy het vir hulle gesê:
"Moet my nie Naomi noem nie,
noem my Mara,
want die Almagtige het dit vir my
baie bitter gemaak.
Met 'n vol lewe is ek hier weg,
maar die HERE het my leeg
laat terugkom.
Waarom my Naomi noem
terwyl die HERE my teenstander
geword het
en die Almagtige my kwaad
aangedoen het?"

Rut 1:20-21

### Sy is belangrik vir die Here

Dit is vir die Here belangrik dat gelowiges weduwees moet versorg:

Dít is suiwer en onbesmette godsdiens voor ons God en Vader: om na weeskinders en weduwees om te sien in hulle ellende, en jouself onbesmet van die wêreld te hou.

Jakobus 1:27

## Sy is geskei

**Alhoewel verskillende dinge mense van mekaar kan skei, is daar niks wat ons van God se liefde kan skei nie:**

Wie sal die uitverkorenes van God aankla? God is die Een wat vryspreek! Wie sal ons veroordeel? Dit is Christus Jesus wat gesterf het; meer nog – wat opgewek is, wat ook aan die regterhand van God sit en wat ook vir ons intree. Wat sal ons van die liefde van Christus skei?

Ek is immers daarvan oortuig dat nóg dood, nóg lewe, nóg engele, nóg magte, nóg teenswoordige, nóg toekomstige gebeure, nóg kragte, nóg hoogte, nóg diepte, nóg enigiets anders in die skepping, ons sal kan skei van die liefde van God in Christus Jesus, ons Here.

Romeine 8:33-35a,38-39

## Sy is die ander vrou

Die skrifkenners en die Fariseërs bring toe 'n vrou wat op owerspel betrap is, en laat haar in die middel staan. Hulle sê toe vir Hom: "Meester, hierdie vrou is op heterdaad betrap terwyl sy owerspel pleeg. In die wet het Moses ons beveel om sulke vroue te stenig. Maar u, wat sê u?" Dit het hulle gesê om Hom te toets, sodat hulle iets kon hê waarvan hulle Hom kon aankla. Maar Jesus het afgebuk en met sy vinger op die grond geskryf. Toe hulle egter volhou met hulle vrae aan Hom, het Hy regop gekom en vir hulle gesê: "Laat die een wat sonder sonde is, eerste 'n klip na haar gooi." Hy het weer afgebuk en op die grond geskryf. Dié wat dit gehoor het, het een vir een, van die oudste af, weggegaan – net Hy het oorgebly, en die vrou daar in die middel. Jesus het toe regop gekom en vir haar gevra: "Vrou, waar is hulle? Het niemand jou veroordeel nie?" Sy antwoord: "Niemand nie, meneer." Jesus sê toe: "Ek veroordeel jou ook nie. Gaan, en moet van nou af nie meer sondig nie."

Johannes 8:3-11

# Sy Staan in Verhouding met Haarself

**Sy leef elke dag met haarself op geestelike en fisiese vlak saam. Sy besef dat God in haar totale menswees belangstel.**

**En jy ontdek: Ek is sy!**

## Sy besef sy is as beeld van God geskep

God het die mens geskep
na sy beeld,
na die beeld van God
het Hy hom geskep,
manlik en vroulik
het Hy hulle geskep.

Genesis 1:27

## Sy pas haar liggaam op

Of weet julle nie dat julle liggaam, wat julle van God ontvang het, ’n tempel is van die Heilige Gees in julle, en dat julle nie aan julleself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan met julle liggaam.

1 Korinthiërs 6:19-20

## Sy respekteer haarself en is nie ’n vertoonstuk nie

Op die sewende dag, toe die koning vrolik was van die wyn, het hy vir Mehuman, Bisseta, Garbona, Bigta, Abagta, Setar en Karkas – sewe van die eunugs wat koning Ahasveros persoonlik bedien het – gesê om koningin Vasti te gaan haal. Sy moes met haar hooftooisel voor die koning haar skoonheid aan die gewone mense en die hoë amptenare vertoon, want sy was beeldskoon. Maar koningin Vasti het geweier om te gaan soos die koning haar deur die eunugs beveel het.

Ester 1:10-12a

## Sy weet haar innerlike is belangriker as haar voorkoms

Julle skoonheid moet nie op uiterlike dinge berus nie – soos die vleg van hare, die dra van goue juwele, of die aantrek van elegante klere nie; maar op dit wat in die mens se hart verborge is – die onverganklike skoonheid van ’n saggeaarde en rustige gees, wat in God se oë baie kosbaar is. So het ook die heilige vroue wat op God gehoop het, hulleself immers destyds versier deur aan hulle eie mans onderdanig te wees.

1 Petrus 3:3-5

## Sy weet die Here het 'n spesiale doel met haar as enkellopende

Die ongetroude vrou en die maagd is besorg oor die belange van die Here, sodat sy na liggaam en gees geheilig kan wees. Die getroude vrou is egter besorg oor die dinge van die wêreld, hoe om haar man te behaag.

1 Korinthiërs 7:34b

## Sy weet die Here het 'n spesiale doel met haar as ouer vrou

Net so moet ouer vroue se optrede wees soos dit heiliges betaam. Hulle moet nie kwaadpraters wees, of verslaaf aan wyn nie, maar moet onderrig gee in wat goed is, sodat hulle die jong vroue kan leer om liefdevol teenoor hulle mans en kinders te wees, verstandig, kuis, toegewy aan hulle huishoudings, goedaardig, onderdanig aan hulle mans, sodat die woord van God nie belaster word nie.

Titus 2:3-5

# Sy Het Gevoelens

**Haar emosies is onlosmaaklik deel van haar vrouwees. Sy beleef die vreugde van die lewe intens. Sy ervaar egter soms ook negatiewe emosies soos hartseer, neerslagtigheid of minderwaardigheid.**

**En jy ontdek: Ek is sy!**

## Sy ervaar emosies intens

Hanna het gebid en gesê:
“My hart juig in die HERE,
ek is sterk in die HERE.
Ek maak my mond wyd oop
teenoor my vyande,
want ek verheug my in u verlossing.”

1 Samuel 2:1

## Sy voel hartseer en neerslagtig

Só ’n vrou in die Bybel was die kinderlose Hanna:

Haar mededinger het haar ook erg getreiter om haar seer te maak, omdat die HERE haar moederskoot gesluit het. So het dit jaar ná jaar gegaan. Elke keer as Hanna opgegaan het na die huis van die HERE, het Peninna haar só getreiter dat sy gehuil het en nie wou eet nie.

Sy was bitter ongelukkig en het tot die HERE gebid terwyl sy onbedaarlik huil.

1 Samuel 1:6-7,10

## Sy voel bitter oor wat met haar gebeur

Sy het vir hulle gesê:
“Moet my nie Naomi noem nie,
noem my Mara,
want die Almagtige het dit vir my
baie bitter gemaak.
Met ’n vol lewe is ek hier weg,
maar die HERE het my leeg
laat terugkom.
Waarom my Naomi noem
terwyl die HERE my teenstander
geword het
en die Almagtige my kwaad
aangedoen het?”

Rut 1:20-21

## Sy besef sy hoef nie minderwaardig te voel nie

Dit is immers U wat my niere
geskep het,
my in die moederskoot geweef het.
Ek prys U omdat ek
op ’n ontsagwekkende,
wonderbaarlike wyse gemaak is.
Wonderbaarlik is u werke
en ek besef dit maar te goed.

My skelet was nie vir U verborge
toe ek in die geheim gemaak is nie,
toe ek kunstig geweef is
in die dieptes van die aarde.
U oë het my vormloosheid
gesien.
En in u boekrol is hulle almal
opgeteken –
dae wat beplan is,
toe nie een daar was nie.
En vir my, hoe kosbaar
is u gedagtes, o God –
hoe oorweldigend
is die volle getal daarvan!

Psalm 139:13-17

# Sy is 'n Werkende Vrou

**Sy is 'n vrou wat baie verantwoordelikhede dra. Sy moet sorg dat die huishouding glad verloop, dat haar man en kinders gelukkig en versorg is, en dan wil sy ook nog baie graag aan haar loopbaan bou.**

**En jy ontdek: Ek is sy!**

## Sy erken dat werk 'n voorreg is

Daar is niks beter vir die mens
as dat hy eet en drink en sy keel
laat geniet wat goed is
vir sy inspanning nie.
Ook dit het ek ingesien:
Dit is uit die hand van God,
want: "Wie kan eet
en wie kan geniet sonder My?"

Prediker 2:24-25

## Sy dien die Here by die werk ten spyte van druk

Die koning van Egipte het toe met die Hebreeuse vroedvroue, wie se name Sifra en Pua was, gepraat. Hy het gesê: "Wanneer julle die Hebreeuse vroue met 'n bevalling help, kyk wat die baba se geslag is. As dit 'n seun is, maak hom dood; maar as dit 'n dogter is, laat haar leef." Maar die vroedvroue het vir God ontsag gehad en hulle het nie gedoen wat die koning van Egipte vir hulle gesê het nie. Hulle het die seuntjies laat leef.

Eksodus 1:15-17

## Sy probeer haar tyd reg gebruik

Vir alles is daar
'n vasgestelde tyd;
daar is 'n tyd vir elke saak
onder die hemel.

Prediker 3:1

## Sy is 'n gelowige sakevrou

Op die Sabbat het ons by die stadspoort uitgegaan na die rivier, waar ons vermoed het 'n bidplek was. Ons het gaan sit en met die vroue gepraat wat daar bymekaargekom het. 'n Vrou uit die stad Tiatira, 'n purperhandelaar met die naam Lidia, wat God vereer het, het ook geluister, en die Here het haar hart oopgemaak om ag te slaan op wat Paulus gesê het. Nadat sy en haar huishouding gedoop is, het sy by ons aangedring en gesê: "As julle daarvan oortuig is dat ek in die Here glo, kom bly dan in my huis." En sy het ons oorgehaal.

Handelinge 16:13-15

## Sy is knap in wat sy doen

א ALEF
'n Knap vrou, wie sal haar vind?
Ver bo korale is haar waarde.

ב BET
Die hart van haar man
vertrou op haar,

en aan besittings sal dit hom
nie ontbreek nie.
ג GIMEL
Sy doen goed aan hom
en nie kwaad nie,
al die dae van haar lewe.
ד DALET
Sy soek wol en linne uit,
en werk met ywerige hande.
ה HE
Sy is soos die skepe
van 'n handelaar,
van ver af bring sy haar brood in.
ו WAW
Sy staan op terwyl dit nog nag is;
sy voorsien voedsel
vir haar huisgesin,
en porsies vir haar diensmeisies.
ז ZAJIN
Sy dink na oor 'n stuk grond
en koop dit;
met die verdienste van haar hande
plant sy 'n wingerd.
ח GET
Daadkragtig omgord sy
haar heupe;
sy steek haar hande uit haar moue.
ט TET
Sy merk dat sy goeie wins maak;
snags gaan haar lamp nie dood nie.
י JOD
Sy steek haar hande uit
na die spinstok,
en haar handpalms
hou die spoel vas.
כ KAF
Haar handpalms strek sy uit
na magteloses;
haar hande steek sy uit
na behoeftiges.
ל LAMED
Sy is nie bekommerd
oor haar huisgesin
wanneer dit sneeu nie,
want haar hele gesin is geklee
in karmosynrooi weefstof.
מ MEM
Sy maak vir haar dekens;
haar bokleed is van linne
en purperrooi wol.
נ NUN
Haar man is bekend
in die stadspoorte
wanneer hy saam met
die oudstes van die land sit.
ס SAMEK
Sy maak klere van linne
en verkoop dit;
gordels lewer sy aan die handelaars.
ע AJIN
Krag en luister is haar bokleed;
sy lag onbesorg oor die toekoms.
פ PE
Haar mond maak sy oop
met wysheid,
en liefdevolle onderrig
is op haar tong.
צ TSADE
Sy hou haar oog op die werk
in haar huis;
brood van luiheid eet sy nie.
ק KOF
Haar kinders tree na vore
en noem haar gelukkig;
haar man, hy besing haar lof:
ר RESJ
"Baie vroue het hulle knap gedra,
maar jy, jy oortref hulle almal."
ש SJIN
Sjarme is bedrieglik
en skoonheid is nietig;
'n vrou wat vir die HERE ontsag het,
sy moet geprys word.
ת TAW
Gee aan haar 'n deel
van die vrug van haar hande;
mag hulle haar in die stadspoorte
vir haar dade prys!

# Sy Maak 'n Verskil

**Sy is 'n vrou wat 'n bydrae by die huis en in die samelewing wil lewer. Sy is nie bang om te waag nie – sy maak vroue se stemme hoorbaar in die samelewing om sodoende die wêreld 'n beter plek te maak. Sy het God se roeping vir haar lewe ontdek en leef dit van harte uit.**

**En jy ontdek: Ek is sy!**

## Sy is 'n vredemaker

Gelukkig is die vredemakers,
want hulle sal kinders van God
genoem word.

Matteus 5:9

## Sy staan op vir dit wat reg is

Die dogters van Selofgad – hulle name was Magla, Noa, Gogla, Milka en Tirsa, van die Manasse-familiegroep – het na vore getree. Selofgad was die seun van Gefer, seun van Gilead, seun van Magir, seun van Manasse, seun van Josef. Hulle het voor Moses, die priester Eleasar, die leiers en die hele volksvergadering by die ingang van die Tent van Ontmoeting gaan staan en gesê: "Ons vader is oorlede in die woestyn. Hy was egter nie onder die bende nie – daardie bende van Korag wat teen die HERE saamgespan het. Maar deur sy eie sonde het hy gesterf, en hy het nie seuns gehad nie. Waarom moet ons vader se naam verdwyn uit sy familiegroep omdat hy nie 'n seun gehad het nie? Gee vir ons erfgrond tussen ons vader se broers."

Moses het hulle saak toe voor die HERE gebring. Die HERE het vir Moses gesê: "Die dogters van Selofgad se versoek is billik. Jy moet beslis vir hulle onvervreembare erfgrond gee tussen hulle vader se broers. Jy moet hulle vader se erfdeel na hulle laat oorgaan."

Numeri 27:1-7

## Sy doen die regte ding op die regte tyd

Koningin Ester is deur Mordegai, wat haar voog was, versoek om namens haar volk die koning om genade te smeek. Mordegai het van 'n sameswering om die Jode in die Persiese Ryk uit te wis, te hore gekom. Alhoewel Ester aanvanklik gehuiwer het, het sy tog ingestem om die regte ding te doen. Ester het vir Mordegai laat weet:

"Al die dienaars van die koning en al die mense van die provinsies van die koning weet dat daar vir enige man of vrou wat na die koning in sy binneste voorhof gaan sonder dat hulle ontbied is, net een reël geld en dit is dat die persoon doodgemaak word. Die enigste uitsondering is wanneer die koning sy goue septer na die persoon uithou en op hierdie manier so iemand se lewe spaar. En ek, ek is nou al dertig dae lank nie na die koning ontbied nie."

Toe Ester se woorde aan Mordegai oorgedra is, het Mordegai haar laat weet: "Moenie dink dat net jy, van al die Jode, sal ontkom omdat jy in die koninklike paleis woon nie. Want as jy wel in hierdie tyd sou swyg, sal daar uitkoms en redding vir die Jode van 'n ander plek af kom; maar jy en jou familie sal omkom. En wie weet of jy nie juis vir 'n tyd soos hierdie koninklike status verkry het nie?"

Ester het toe vir Mordegai laat weet: "Gaan versamel al die Jode wat hulle in Susan bevind, en vas ter wille van my. Moet drie dae lank, dag en nag, niks eet of drink nie; ook ek en my diensmeisies sal so vas. Daarna sal ek na die koning gaan, al is dit teen die wet. As ek so moet omkom, kom ek so om."

Ester 4:11-16

## Sy beywer haar vir eensgesindheid

Ek vermaan Euodia en ek vermaan Sintige om in die Here eensgesind te wees. Ja, ek vra jou ook, getroue medewerker, help hierdie vroue. Hulle het saam met my vir die saak van die evangelie gestry, ook saam met Klemens en my ander medewerkers wie se name in die boekrol van die lewe staan.

Filippense 4:2-3

# Sy is ’n Geestelike Leier

**Sy is bereid om geestelik leiding te neem wanneer dit van haar verwag word. Sy is nie noodwendig ’n predikant nie, maar sy hoor as God haar roep om te getuig, om diegene wat in geestelike nood verkeer, te help, en om mense na Hom terug te lei. Sy luister na God en sy doen haar deel in die gemeente.**

**En jy ontdek: Ek is sy!**

## Sy is bereid om na vore te tree wanneer die Here haar roep

Weens hulle ongehoorsaamheid het die Here die Israeliete in die mag van koning Jabin van Kanaän oorgegee:

Die Israeliete het na die HERE om hulp geroep, want Sisera het negehonderd ysterstrydwaens gehad en hy het die Israeliete twintig jaar lank wreed mishandel.

Debora, ’n profetes, die vrou van Lappidot, het in daardie tyd vir Israel as rigter opgetree. Sy het altyd onder die palm van Debora gesit, tussen Rama en Bet-El in die heuwelland van Efraim, en die Israeliete het na haar opgegaan vir beslissings.

Sy het Barak, seun van Abinoam, uit Kedes in Naftali ontbied en vir hom gesê: “Het die HERE, die God van Israel, nie hierdie opdrag gegee nie? ‘Gaan, trek saam op die berg Tabor! Neem tienduisend man uit die nageslag van Naftali en Sebulon saam met jou; dan sal Ek vir Sisera, die bevelvoerder van Jabin se leër, met sy strydwaens en troepe na jou lok, na die Kisonspruit. Ek gee hom in jou hand.’ ”

Maar Barak het vir haar gesê: “As jy met my saamgaan, sal ek gaan; maar as jy nie met my saamgaan nie, sal ek nie gaan nie.” Sy sê toe: “Ek sal beslis met jou saamgaan. Dit sal egter nie tot jou eer strek op die pad waarop jy gaan nie, want in die hand van ’n vrou sal die HERE Sisera oorlewer.”

Rigters 4:3-9a

## Sy is ’n vrou met karakter

Net so moet vroue waardig wees, nie skindertonge nie, sober, betroubaar in alles.

1 Timoteus 3:11

## Sy leef haar gawes uit

Want soos ons baie ledemate in een liggaam het, en nie al die ledemate dieselfde funksie vervul nie, net so is ons, al is ons baie, een liggaam in Christus, en individueel lede van mekaar. Ons het gawes wat van mekaar verskil, volgens die genade wat aan ons gegee is:

As dit die gawe van profesie is,
beoefen dit dan
in ooreenstemming
met die geloof;
as dit is om ander te dien,
gebruik dit dan vir dienswerk.
Wie onderrig kan gee,
moet onderrig;
wie kan bemoedig,
moet bemoediging gee;
wie mededeelsaam kan wees,
moet dit met opregtheid doen;
wie leiding kan gee,
moet dit met toewyding doen;
wie barmhartigheid kan betoon,
moet dit met blydskap doen.

Romeine 12:4-8

## Sy is 'n leier wat dien

Maar Jesus het hulle nader geroep en gesê: "Julle weet dat die heersers van die nasies oor hulle baasspeel, en die maghebbers oor hulle gesag uitoefen. So mag dit nie by julle wees nie; maar wie belangrik onder julle wil wees, moet julle dienaar wees, en wie eerste onder julle wil wees, moet julle slaaf wees. Net so het die Seun van die Mens nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe as losprys vir baie te gee."

Matteus 20:25-28

## Sy gee met liefde leiding

פ PE
Haar mond maak sy oop
met wysheid,
en liefdevolle onderrig
is op haar tong.

Spreuke 31:26

## Sy help diegene wat die pad byster geraak het, reg

My broers, as enigeen van julle afdwaal van die waarheid, en iemand hom laat terugdraai, moet hy weet dat wie 'n sondaar van sy dwaalweg laat terugdraai, sy siel uit die dood sal red en 'n menigte sondes sal bedek.

Jakobus 5:19-20

## Sy vertel almal dat Jesus die opgestane Here is

Onverwags het Jesus hulle tegemoet gekom en gesê: "Gegroet!" Hulle gaan toe nader, gryp sy voete en aanbid Hom. Daarop sê Jesus vir hulle: "Moenie langer bang wees nie. Gaan sê vir my broers dat hulle na Galilea moet gaan – daar sal hulle My sien."

Matteus 28:9-10

## Sy volg die Here enduit

Toe die centurio, wat reg oorkant Hom gestaan het, Hom sy asem so sien uitblaas, sê hy: "Hierdie man was werklik Seun van God!" Daar was ook vroue wat op 'n afstand gekyk het, onder wie Maria Magdalena, Maria, die moeder van die jong Jakobus en Joses, en Salome. Dit is die vroue wat Hom, toe Hy in Galilea was, gevolg en bedien het. Baie ander vroue wat saam met Hom na Jerusalem gegaan het, was ook daar.

Markus 15:39-41

## Sy laat 'n geestelike erfenis na

Ek is dankbaar teenoor God, wat ek, soos my voorouers, met 'n skoon gewete dien, wanneer ek onophoudelik, bedags en snags, in my gebede aan jou dink. As ek aan jou trane terugdink, verlang ek daarna om jou te sien, sodat ek met blydskap vervul kan word. Ek dink steeds aan jou opregte geloof, daardie geloof wat eers in jou ouma Loïs, en in jou moeder Eunice was – en ek is oortuig dat dit ook in jou is.

2 Timoteus 1:3-5

# Sy Kry Soms Swaar

**Sy beleef dat alles in die lewe nie altyd glad verloop nie. Sy kry soms baie seer as ander mense op haar trap, haar misbruik, of as dinge eenvoudig net nie uitwerk soos sy gehoop het nie. Soms sukkel sy om haarself los te maak van dinge in haar verlede, maar ander kere kry sy dit tog reg om met God oor haar swaarkry te praat en haar pyn te konfronteer. Dan ontdek sy dat sy nuut kan begin ten spyte van haar verlede.**

**En jy ontdek: Ek is sy!**

## Sy ly aan 'n ongeneeslike siekte

Só baie vroue vandag is in die stryd teen siektes soos MIV/vigs en kanker gewikkel.

### Sy gaan met haar pyn na die Here toe

Op 'n keer het 'n groot skare rondom Jesus saamgedrom.

Daar was 'n vrou wat al twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het. Sy het erg gely onder baie dokters, en sy het al haar besittings daaraan bestee. Sy het egter geen baat daarby gevind nie – dit het eerder slegter met haar gegaan. En toe sy van Jesus hoor, het sy in die skare van agter af gekom en aan sy bokleed geraak, want sy het gesê: "As ek maar net aan sy bokleed kan raak, sal ek gesond word." Die oorsaak van haar bloeding het toe dadelik opgehou, en sy het aan haar liggaam gevoel dat sy van haar kwaal genees is. Jesus het onmiddellik agtergekom dat krag uit Hom uitgegaan het. Hy het in die skare omgedraai en gevra: "Wie het aan my bokleed geraak?" Maar sy dissipels het vir Hom gesê: "U sien dat die skare van alle kante af teen U druk, en tog vra U, 'Wie het aan My geraak?' " Hy het om Hom bly rondkyk om die een te sien wat dit gedoen het. Toe die vrou besef wat met haar gebeur het, het sy bewend van vrees voor Hom kom neerval en Hom die volle waarheid vertel. Hy sê toe vir haar: "Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede en wees genees van jou kwaal."

Markus 5:25-34

### Sy moet versorg word

Toe Jesus die mense oor die laaste oordeel geleer het, het Hy vir hulle gesê:

"Dan sal die Koning vir dié aan sy regterhand sê, 'Julle, geseëndes van my Vader, kom beërf die koninkryk, wat vir julle gereedgemaak is van die grondlegging van die wêreld af. Want Ek was honger, en julle het vir My iets te ete gegee; Ek was dors, en julle het vir My iets te drinke gegee;

Ek was ’n vreemdeling, en julle het My as ’n gas verwelkom; Ek was nakend, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My versorg; Ek was in die tronk, en julle het My besoek.’ Dan sal die regverdiges Hom antwoord, ‘Here, wanneer het ons U honger gesien en gevoed, of dors en iets te drinke gegee? En wanneer het ons U as ’n vreemdeling gesien, en as gas verwelkom, of nakend, en U geklee? En wanneer het ons U siek of in die tronk gesien, en U besoek?’ Maar die Koning sal vir hulle sê, ‘Amen, Ek sê vir julle: Wat julle ook al vir een van hierdie geringste broers van My gedoen het, het julle vir My gedoen.’ ”

Matteus 25:34-40

## Sy voel desperaat oor haar kinderloosheid

Toe Ragel sien dat sy nie vir Jakob kinders in die wêreld kan bring nie, was sy afgunstig op haar suster. Sy het vir Jakob gesê: “Gee vir my kinders! Indien nie, dan sterf ek!”

Genesis 30:1

## Sy kry swaar omdat haar kind die verkeerde keuses maak

Toe Esau veertig jaar oud was, het hy Jehudit, die dogter van Beëri, die Hetiet, as vrou geneem, en ook Basemat, die dogter van Elon, die Hetiet. Vir Isak en Rebekka was hulle ’n bron van bitter verdriet.

Rebekka het vir Isak gesê: “Ek het ’n weersin in my lewe as gevolg van hierdie Hetitiese vroumense. As Jakob uit die Hetitiese vroue, uit die vroue van die land, ’n vrou neem soos hierdie twee – waarvoor leef ek dan?”

Genesis 26:34-35; 27:46

## Sy worstel met haar ongelukkige verlede

Daar is ’n groot stuk persoonlike seer in haar verlede, hetsy as gevolg van haar eie keuse of deur iemand anders se toedoen. Sy besef dat die enigste bevryding vir haar worsteling by die Here te vinde is, maar sy voel te skuldig om met Hom daaroor te praat. Maar dan ontdek sy dat daar in sy liefde onvoorwaardelike vergifnis en die blink hoop vir ’n nuwe toekoms te vinde is.

En kyk, daar was ’n sondige vrou in die dorp wat gehoor het dat Hy by die Fariseër se huis gaan eet het. Sy het ’n albasterfles vol reukolie gevat en agter Jesus, by sy voete, gaan staan. Sy het gehuil en begin om sy voete met haar trane nat te maak. Sy het sy voete met haar hare afgedroog, dit gesoen, en met die reukolie ingevryf. Toe die Fariseër wat Hom uitgenooi het, dit sien, het hy in sy hart gedink, as hierdie man ’n profeet was, sou hy tog geweet het wie dit is wat hom aanraak en watter soort vrou sy is, dat sy ’n sondige vrou is. Maar Jesus het vir hom gesê: “Simon, Ek het iets om vir jou te sê.” “Sê maar, Meester!” antwoord hy. “Twee mense was by ’n sekere geldskieter in die skuld. Die een het vyfhonderd denarius geskuld, en die ander vyftig. Omdat

hulle hom nie kon terugbetaal nie, het hy albei se skuld kwytgeskeld. Wie van hulle sal hom dan die meeste liefhê?" Simon het geantwoord: "Ek veronderstel die een vir wie hy die meeste kwytgeskeld het." En Jesus sê vir hom: "Jy het reg geoordeel." Toe het Hy omgedraai na die vrou en vir Simon gesê: "Sien jy hierdie vrou? Toe Ek by jou huis ingestap het, het jy nie eers vir my water vir my voete gegee nie, maar sy het my voete met haar trane nat gemaak en met haar hare afgedroog. Jy het My nie 'n soen gegee nie, maar sy het, vandat Ek hier aangekom het, nie opgehou om my voete te soen nie. Jy het my kop nie met olyfolie gesalf nie, maar sy het my voete met reukolie ingevryf. Daarom sê Ek vir jou, haar sondes – en dit was baie – is vergewe, omdat sy baie liefde betoon het. Maar die een vir wie min vergewe word, het min liefde." En vir haar het Hy gesê: "Jou sondes is vergewe." Toe begin die mense wat aangeleun het vir ete onder mekaar sê: "Wie is hierdie man, dat hy selfs sondes vergewe?" Maar Jesus het vir die vrou gesê: "Jou geloof het jou gered. Gaan in vrede."

Lukas 7:37-50

## Sy is verkrag

**Sy hoef nie daaroor skuldig te voel nie. Hý was verkeerd.**

"Maar as die man die jong vrou wat verloof is, in die veld kry en haar gryp en met haar gemeenskap het, moet die man wat met haar gemeenskap gehad het, alleen sterf. Aan die jong vrou mag jy nie iets doen nie. Sy het nie 'n sonde begaan wat die dood verdien nie, want in hierdie geval is dit dieselfde as wanneer 'n man sy naaste oorval en die persoon vermoor. Hy het haar immers in die veld gekry; die jong verloofde vrou het om hulp geroep, maar daar was niemand om haar te help nie."

Deuteronomium 22:25-27

**Sy rou omdat haar "nee" nie ernstig opgeneem is nie**

Amnon het vir Tamar gesê:

"Bring die voedsel na die slaapkamer, sodat ek dit uit jou hand kan eet." Tamar het die hartvormige koekies wat sy voorberei het, geneem en dit vir Amnon, haar broer, in die slaapkamer gebring. Maar toe sy dit vir hom naderbring om te eet, gryp hy haar en sê: "Kom lê by my, my suster!" Maar sy het vir hom gesê: "Asseblief nie, my broer! Moet my nie verkrag nie, want so iets mag nie in Israel gedoen word nie. Moenie hierdie gruweldaad pleeg nie! En ek, waarheen sal ek gaan met die bespotting wat ek dra? En jy, jy sal soos een van die dwase in Israel wees. Daarom, praat liewer met die koning, want hy sal my nie van jou weerhou nie." Maar hy wou nie na haar luister nie. Hy was sterker as

sy, en het haar verkrag en met haar gemeenskap gehad. Maar toe kry hy ’n baie groot weersin in haar; ja, die weersin wat hy in haar gekry het, was groter as die liefde waarmee hy haar liefgehad het. Amnon sê toe vir haar: “Staan op! Gaan weg!” Sy het vir hom gesê: “Nee, my broer, want hierdie groot onreg om my weg te stuur, is erger as dit wat jy my reeds aangedoen het.” Maar hy wou nie na haar luister nie. Hy roep toe sy lyfbediende en sê: “Vat tog net hierdie vrou van my af weg buitentoe en sluit die deur agter haar.”

Sy het ’n lang rok met moue aangehad, want die dogters van die koning wat nog maagde was, het sulke mantels gedra. Nadat sy bediende haar buitentoe geneem en die deur agter haar gesluit het, het Tamar as geneem en op haar kop gesit, en die lang rok met moue wat sy aangehad het, geskeur. Sy het haar hand op haar kop gesit en aangestap terwyl sy aanhou skreeu. Haar broer Absalom vra toe vir haar: “Was jou broer Amnon by jou? Bly nou maar stil, my suster; hy is jou broer. Moet jou nie oor hierdie gebeure kwel nie.” Tamar het in haar broer Absalom se huis gaan woon, ’n eensame vrou.

2 Samuel 13:10-20

## Sy is die slagoffer van geweld

**’n Leviet en sy byvrou was op ’n keer op reis en moes in ’n vreemde stad oornag. Een van die plaaslike inwoners het aangebied om hulle te huisves. Terwyl hulle daardie aand besig was om te eet en te drink, het daar ’n vreeslike ding gebeur:**

Hulle was besig om vrolik te raak, toe daag manne van die dorp, ’n klomp booswigte, meteens daar op. Hulle omsingel toe die huis, hamer aan die deur en sê vir die ou man, die eienaar van die huis: “Bring die man uit wat by jou huis ingegaan het, sodat ons met hom gemeenskap kan hê!” Die man, die eienaar van die huis, gaan toe na hulle uit en sê vir hulle: “Nee, my broers, moet tog nie iets slegs doen nie! Noudat hierdie man in my huis ingekom het, moet julle tog nie hierdie gruweldaad pleeg nie. Hier is my dogter, ’n maagd, en sy byvrou; laat ek hulle eerder uitbring. Verkrag hulle en doen met hulle soos julle goeddink. Maar aan hierdie man mag julle nie hierdie gruweldaad pleeg nie.”

Die manne wou egter nie na hom luister nie. Toe gryp die man sy byvrou en stoot haar na buite uit, na hulle toe. Hulle het haar verkrag en haar die hele nag lank, tot die oggend toe, mishandel. Toe die dag breek, het hulle haar gelos. Die vrou het teen die oggend gekom en by die ingang van die man se huis waar haar man was, inmekaargesak en bly lê totdat dit heeltemal lig was.

Toe haar heer die oggend opstaan, die deure van die huis oopmaak en uitgaan om sy reis voort te sit, kyk, daar lê die vrou, sy byvrou, by die ingang van die huis met haar

hande op die drumpel! Hy sê toe vir haar: "Staan op; ons moet gaan!" Maar daar was geen reaksie nie. Hy laai haar toe op die donkie. Die man het toe gereedgemaak en na sy woonplek vertrek.

Rigters 19:22-28

## Sy praat met God oor haar swaarkry

Isak het by die HERE gepleit ter wille van sy vrou, want sy was onvrugbaar. Die HERE het hom verhoor, en Rebekka, sy vrou, het swanger geword. Die kinders in haar het mekaar weggestoot. Toe sê sy: "As dit so is, waarom moet juis ek dit oorkom?" Sy het gegaan om die HERE te raadpleeg. Die HERE het vir haar gesê:

"Twee nasies is in jou
moederskoot,
en twee volke – uit jou liggaam
sal hulle uitmekaar gaan.
Die een volk sal sterker wees
as die ander volk,
en die oudste sal die jongste dien."

Genesis 25:21-23

## Sy weet sy kan nuut begin ten spyte van haar verlede

Deur geloof het Ragab, die prostituut, nie saam met die ongehoorsames omgekom nie, omdat sy die spioene in vrede ontvang het.

Hebreërs 11:31

## Sy weet dat dit ook weer goed sal gaan

Verander weer ons lot, HERE,
soos stroombeddings in die Negev.
Dié wat met trane saai,
sal met jubelkrete maai.
Die draer van die saadsak
wat loop en huil,
sal beslis terugkom met jubelkrete
terwyl hy sy gerwe dra.

Psalm 126:4-6

# Slot

**Die Skrifgedeeltes in hierdie boekie lig verskillende dimensies van vrouwees uit. Ons hoop dit het jou gehelp om die werklikheid waarin vroue vandag leef, beter te verstaan. Soms is daardie werklikheid negatief, en die Bybel probeer dit nie verdoesel nie, maar in die Skrif kan jy hoop vind vir die situasie waarin jy jou bevind. Jy kan koers kry as jy verdwaal het, en opgetel en vertroos word. In die proses kan jy boonop vind dat die Skrif jou uitdaag. Ons hoop dat die Skrifgedeeltes in hierdie boekie met jou in jóú situasie gepraat het.**

# Prominente Vroue in die Bybel

Lees meer omtrent die lewens van die volgende prominente vroue in die Bybel.

## Vroue in die Ou Testament

Eva . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Genesis 2:21 – 3:24
Sarai . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Genesis 16:1-9
Rebekka . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Genesis 24:1-67; 27:1-45
Ragel en Lea . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Genesis 29:1-30
Die vroedvroue Sifra en Pua . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Eksodus 1:15-21
Mirjam . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Eksodus 15:20-21
Die dogters van Selofgad . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Numeri 27:1-7
Ragab . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Josua 2:1-21; 6:15-25
Debora . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Rigters 4:1 – 5:31
Manoag se vrou . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Rigters 13:2-25
Die Leviet se byvrou . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Rigters 19:1-30
Naomi en Rut . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Rut 1 – 4
Hanna . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 1 Samuel 1:1 – 2:10
Tamar . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 2 Samuel 13:1-22
Die diensmeisie van Naäman se vrou . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 2 Konings 5:1-18
Koningin Vasti . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Ester 1:1-22
Koningin Ester . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Ester 2:1 – 9:32
Die knap vrou in Spreuke . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Spreuke 31:10-31

## Vroue in die Nuwe Testament

Die vrou wat aan bloedvloeiing gely het . . . . . . . . . . . . . . . . . . Markus 5:25-34
Die arm weduwee . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Markus 12:41-44
Die vroue wat vir Jesus gevolg het . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Markus 15:39-41
Maria, die moeder van Jesus . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Lukas 1:26-56
Anna, die profetes . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Lukas 2:36-38
Die vrou met die albasterfles . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Lukas 7:36-50
Martha en Maria . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Lukas 10:38-42; Johannes 11:20-27
Die owerspelige vrou . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Johannes 7:53 – 8:11
Tabita . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Handelinge 9:36-42
Lidia . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Handelinge 16:13-15
Timoteus se ouma, Loïs, en sy ma, Eunice . . . . . . . . . . . . . . . . 2 Timoteus 1:3-5